Tema: God gebruik “gewone gelowiges” as bouers in sy koninkryk! Is jy ‘n toeskouer of bouer?

Sing vooraf: Lied 464: 1, 3

Gebed om seën

Sing tot lof van die Here: Sb 1 – 2: 1, 2

Geloofsbelydenis: 12 Artikels

Wet uit Eksodus 20

Sing na die wet: Sb 9 – 1: 1, 10, 11

Gebed

Skriflesing: Nehemia 1

Teksverse: Nehemia 1: 4

Woordverkondiging

Gebed

Sing Sb 18 – 7: 1, 12

Gebed om seën

Liefdegawes vandag: Die Teologiese Studentekas en Diakonie

Geliefde brs en srs en kinders

Het dit ook al vir jou gevoel asof jy in twee wêrelde leef? Dat jy tussen twee werklikhede beweeg?

Die een wêreld is die wêreld van my geestelike en kerklike lewe! Daar waar ek gefokus is op die Here en sy Woord en my lewe as gelowige tussen ander gelowiges lewe! ‘n Mens wil amper sê: God se wêreld!

Die ander wêreld of werklikheid is die lewe daarbuite! My huwelik en my gesin! My daaglikse werk en die harde werklikheid daarvan. Bv. om ‘n besigheid te bedryf of om ‘n professionele werk te doen of diens te lewer! Die harde wêreld om ‘n lewe te maak en te oorleef. Die harde werklikheid van ‘n boerdery of besigheid! Die harde werklikheid dat ek tussen mense moet beweeg en met hulle moet werk. Mense wat anders as ek glo en doen en tussen wie ek my weg moet vind!

Gewoonlik maak ons die twee wêrelde los van mekaar! Ons sal self so ver gaan as om te sê dat die spelreëls tussen die twee wêrelde so ver van mekaar verskil dat jy nie dieselfde mens in albei wêrelde kan wees nie! Die man of vrou by die werk is totaal iemand anders as die man of vrou wat Sondag in die erediens sit of waar hy of sy by die gesin is of tussen gelowiges beweeg! By die werk is daar nie tyd vir Bybellees of bid of mooi Bybelse praatjies nie – nee -daar is dit ‘n geveg om oorlewing! Doen jou werk of jy verloor dit!

Baie gelowige dink ook aan hulleself as in aanhalingstekens “gewone gelowiges” Hulle voel hulle het nie een of ander kerklike roeping of dienswerk waartoe die Here ons roep en waarmee hulle leiding in die kerklike lewe moet neem nie! Hulle glo en woon die eredienste by, maar hulle beskou hulleself as net “gewone lidmate” wat more teruggaan na die harde werklikheid daarbuite om daar te gaan oorleef!

Vir ons kinders wil ek die term “gewone gelowiges” so verduidelik: dat jy voel ek is maar net deel van klas by die skool! Ek is nie ‘n klasleier of skoolleier of kaptein van een of ander span nie! Ek is maar net ‘n doodgewone leerder wat my ding doen daar in die skool. Ek is nie iemand besonders nie en daarom verwag niemand van my besondere dinge nie! Ek doen ook nie sommer iets uit my eie nie! Baie van ons kinders beleef skool op die manier – ek is maar net deel!

Brs en srs, hierdie sogenaamde twee wêrelde – die geestelike wêreld en die gewone wêreld – wat ons vir onsself geskep het en waarbinne ons leef, is natuurlik ‘n valse voorstelling van die werklikheid! Daar bestaan nie twee sulke wêrelde nie! Hierdie idee is ‘n produk van Satan om God se invloed aan bande te lê! Om die wêreld daarbuite los te maak van God se regering en invloed! Hy probeer ons oortuig: daar is kerk en wêreld! En jy pendel tussen die twee as gelowige! Dis ‘n leuen waarmee Satan God se werk afbreek en ons magteloos maak om ook die wêreld daarbuite onder God se heerskappy te bring!

Met die boek Nehemia bring God ons terug by die begrip koninkryk van God! Die begrip koninkryk van God beteken dat God oor alles en almal regeer – oor die kerk sowel as oor die harde wêreld daar buite. Satan wil die indruk skep dat die lewe

daarbuite eintlik onder sy beheer is en dat ons as gelowiges nie daar inspraak het nie! Daarom leef baie gelowiges twee lewens- hulle skei geloof en werklikheid!

Nee, die Here kom leer ons deur Nehemia: daar is net een werklikheid waarbinne ek en jy leef! Die werklikheid van die kerk binne die wêreld en God wat oor alles en almal regeer! Die een geskape werklikheid waarin ek en jy in ‘n verhouding met God leef en wat sigbaar word in ons kerklike lewe! En vanuit hierdie verhouding met God (ons kerklike lewe) lewe ons in sy koninkryk – die harde werklikheid daarbuite!

Die wonderlike boodskap van die boek Nehemia is: God gebruik juis “gewone gelowiges” as bouers in sy koninkryk! En daarom die vraag vir jou nadenke vanmore: Is jy ‘n toeskouer of bouer?

Nehemia was ‘n “gewone gelowige” wat in die harde werklikheid van die lewe in ‘n gewone werk gestaan het! Hy werk vir en tussen ongelowige mense. Hy is ‘n baie spesiale kelner in diens van koning Artasasta. Hy moes sorg dat die koning veilige water en drank kry om te drink! Enige iets wat die koning wou drink moes eers deur Nehemia getoets word deur dit self te drink! Nogal ‘n gevaarlike werk: om bereid te wees om jou lewe op te offer vir ‘n heidense koning.

Maar Nehemia was ook ‘n “gewone” gelowige wat die Here met geloof en toewyding gedien het. Die Here en sy volk het hom naby aan die hart gelê! In Nuwe Testamentiese taal sou ons kon sê: Nehemia het die koninkryk van God eerste gestel! Toe sy broer uit Jerusalem in Susa aankom het Nehemia dadelik by hom uitgevind hoe dit met die mense in Jerusalem gaan en toe hy die slegte nuus hoor, het dit hom baie diep geraak!

Nehemia was geweldig ontsteld oor die situasie in Jerusalem! So ontsteld dat hy vir ‘n paar dae gehuil, gebid en gevas het! Hy word bewus van hierdie intense nood in die koninkryk van die Here en hy neem dit ernstig ter harte! En terwyl hy biddend met God worstel oor die nood in Jerusalem, gebeur daar iets in Nehemia se hart!

Die Heilige Gees druk hierdie nood so hard op Nehemia se hart, dat hy besef: ek moet iets hieraan gaan doen! Daar is nood in Jerusalem, daar is werk om te doen in God se koninkryk en ek moet iets daaraan doen!

Br en sr, gewone gelowiges wat die koninkryk van God eerste stel, kan nie bewus word van iets wat vir God gedoen moet word, en net toeskouers bly nie! Ons kan nie maar net op die kantlyn staan en niks doen nie! Nehemia kon maklik by die aanhoor van hierdie nuus gesê het: ja, wel, dis baie erg en daar moet seker iets gedoen word, maar die Here verwag nou seker nie van my om hier vanuit Babel Jerusalem toe te gaan en iets te gaan doen nie! Ek kan nie my werk en my posisie by die koning op die spel plaas nie! Iemand anders moet dit maar doen!

Ons kan nie God se saak sien skade lei en niks doen nie! Nee, wanneer God en sy koninkryk skade lei, wanneer ons die nood in die wêreld vanweë die sonde sien – gryp dit my en jou aan die hart! Ons weet ons moet iets doen!

Hoekom is dit so? Hoekom werk die Heilige Gees hierdie bewussyn in my binneste? Want, br. en sr, ek en jy weet: God het my verskriklike ellende en sondenood raakgesien en Iemand gestuur om my te kom help uit my nood!

Want dit is hoe God is – van die begin af op sy pad met die mens wat Hy geskep het! Dit is hoe Nehemia oor God, sy groot almag en sy verbondsgenade bid! God sien Adam en Eva wat in sonde geval het se nood raak en kom roep hulle: Waar is julle? Ons en ons sondenood gryp God aan die hart en Hy doen iets!

So het God ook die volk van ouds se nood in Egipte raakgesien. Ons lees in Eksodus Exodus 3:7-8 [7]Daarna sê die Here: "Ek het die ellende van my volk in Egipte duidelik gesien en hulle noodkrete oor die slawedrywers gehoor. Ek het hulle lyding ter harte geneem. [8]Daarom het Ek afgekom om hulle uit die mag van Egipte te bevry..." So het God menigmaal in die geskiedenis ingegryp om sy volk te red! Het ons dit nie ook gelees in die begin van Esra nie! Dat God ingryp om die volk terug te bring!

Ons lees in Johannes 3: 16 en 17 dat God hierdie wêreld se nood raakgesien het dat dit God se hart geroer het! Sy liefde vir ons was so groot dat Hy Jesus Christus na hierdie wêreld stuur om ons te kom red uit ons totale verlorenheid en nood as mense! Ja, 'n tempel wat herbou was, kan ons nie red nie! Die mure wat herbou sou word, kon die volk nie red nie! Net God kon dit doen – deur Jesus Christus ons Here!

Jesus kom – gestuur deur 'n Vader met 'n hart wat geroer is deur ons nood – om God se heerskappy finaal hier op aarde te vestig! En Jesus doen dit deur vir ons sonde te betaal sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore sou gaan nie, maar gered sou word! Dat ons nou deel van God se koninkryk kan wees! Meer nog: net deel van sy koninkryk kan wees nie – maar ook medewerkers – medebouers! Ek en jy – gewone gelowiges – so sê Paulus in 1 Kor. 3, is God se medebouers!

Medebouers in God se koninkryk! Gewone lidmate! Nehemia was geen geroepe geestelike of politieke leier nie! Hy kom nie uit 'n koningsgeslag of priestergeslag nie! Geen indrukwekkende CV nie, 'n gewone lidmaat met 'n liefdesywer vir God in sy hart!

"'n Lidmaat wat hoor dat daar nood is en wat iets daaraan wil gaan doen! Nehemia het reeds besluit wat hy wil gaan doen! Hy wil daardie mure van Jerusalem gaan opbou sodat die volk se daaglikse lewe veilig kan wees en hulle in hulle daaglikse bestaan God kan dien!

Nehemia se gebed hier in hf 1 was alreeds iets van die tweede bede wat Jesus ons kom leer het: laat U koninkryk kom! Here werk so in my dat ek deel wil wees en saam wil werk om U ryk in hierdie wêreld te bou! Ek wil die mure gaan bou! Help my om dit te doen!

Br en sr, ek en jy hoef ook maar net in ons stukkie werklikheid, ons deeltjie van die wêreld, rond te kyk om te sien in watter mate die heerlike heerskappy van ons Here nog nie in ons wêreld 'n realiteit is nie! En br. en sr, moet nou nie weer die fout maak om die sg. twee wêreld van mekaar te skei nie! Asof my werklikheid en die kerk twee wêrelde ver mekaar is en daarom dink ek dat ek niks in hierdie stukkende wêreld hoef te doen nie! Solank ek net in die kerk is, is ek OK!

Nee! Dis juis vanuit die kerk – vanuit ons verhouding met die Here en aanbidding van die Here, dat Hy ons bewus maak van die nood rondom ons! Die Here wys ons daaglikse met die nuus op TV, sosiale media, met die gebeure rondom ons, met dit wat Satan en sondige mense doen, daardeur wys die Here vir ons die stukkende mure van Jerusalem rondom ons!

Mag dit my en jou aan die hart gryp! Mag ek en jy nooit net toeskouers wees en dink dat iemand anders maar iets moet doen nie! Mag die genade wat God aan ons bewys het en die liefde wat die Heilige Gees in ons hart gegee het, ons so roer en innerlik roep – dat ons ons roeping uitleef en bouers in sy koninkryk kan wees!

Dat ons soos Nehemia planne maak om hierdie bouwerk te doen! Bv met die uitdra van die Woord in hierdie verlore wêreld! Om met die mense daar in die harde realiteit van die besigheid of die plaas of die kantoor oor God te praat! Ook om met ons optrede en voorbeeld in die samelewing God se heerskappy te vestig, en mens in hulle nood te help!

Juis daar in harde en stukkende wêreld waar ons woon, werk en leef, te help opbou wat Satan afgebreek het! Kyk maar net: die mure lê stukkend in ons samelewing! Mense vasgevang in sonde! ‘n Land vasgevang in ‘n pandemie waar mense siek word en doodgaan. Ons landsekonomie wat nie die mense kan dra en versorg nie – miljoene mense wat in armoede leef! ‘n Onderrigstelsel wat besig is om in te tuimel tussen mense waar goeie opleiding en onderrig so noodsaaklik is! Ag br. en sr: die mure le in puin! God se Koninkryk moet nog op soveel plekke sigbaar word!

Gryp hierdie nood ons nog aan? Kan ek en jy ook in skok gaan sit en maar net tot God bid oor die ellende van stukkende mure rondom ons? Kom ons bid daarvoor – kom ons bid dat God ons harte sal aanraak sodat ons opstaan om iets te doen!~

Jy, geliefde br en sr en liewe kinder is – soos Nehemia - die gewone lidmaat wat God wil gebruik as bouer! En nee, jy hoef nie een of ander geestelike leier te wees, of goddelike roeping te ontvang nie! Jy hoef nie hoofseun of spankaptein te wees nie!

Jy het die genade van God ontvang – God het jou in jou nood gehelp en daarom het jy klaar jou roeping ontvang! Wat se roeping: jy is ‘n bouer in God koninkryk! ‘n Bouer wat die mure van ons samelewing moet herstel

Of .....is jy net ‘n toeskouer?

Amen